Vierde uitgawe - 2018

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

- **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**
- Voorsitter – Org Exley 082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As 074 6011847
- Tesourier - Daan du Toit 012 567 2520
- Sekretaresse – Marianne Erwee 083 377 7893
- Skakelbeampte - Christa Vermaak 083 388 4736
- Addisionele lede : Duvan Horn, Martin Kruger, Johan Els, Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by: jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die redakteur	1
Briewebus / Vra is vry	2
Vergadering van 7 Julie	3
Tree Tsunami	20
Vergadering van 4 Augustus	21
Snippets	42
Kalender	43
Sorgskedule	45

Van die Redakteur

Beste Bonsai vriende

Ek het die afgelope tyd, veral die laaste twee maande, weereens besef hoe gelukkig en bevoorreg ek is om aan die Pretoria Bonsai Kai te kan behoort. Daar is 'n magdom van kennis en hulp en ek leer by elke vergadering iets.

Ons lede wat vergaderings aanbied en/of demonstrasies doen gaan uit hulle pad om voor te berei en iets van hoogstaande gehalte aan te bied.

Kyk maar na die twee vergaderings waarvan in hierdie uitgawe terugvoering gegee word. Daar is baie tyd en moeite ingesit en elkeen wat die vergadering bywoon sal kan getuig dat dit van waarde is. Om die waarheid te sê is dit vir my moeilik om als weer te gee in die Koeda agv van die detail en magdom foto's wat saam gegee word. Ek moet gewoonlik die foto's so verklein dat die kwaliteit somtyds baie verlore gaan. Dan is daar ook soveel wat gedurende die vergadering gedeel word waarvan ek nie notas neem en in die Koeda herhaal nie.

Ons lede se bywoning by vergaderings getuig ook daarvan dat hulle dit geniet en leer, anders sal daar nie 50 plus lede by elke vergadering wees nie, selfs in wintermaande wanneer ons eintlik 'n stil tyd het.

Kyk ook na die kwaliteit van die bome (bl 22 tot 24) wat op die mini uitstallings gewys word en wat gewoonlik gaan oor die tema of styl van die dag se vergadering. Prag bome!

Dankie Pretoria Bonsai Kai! Ek is trots en dankbaar dat ek deel van so groep mense kan wees en my stokperdjie geniet!

Jaco

One must remember that fixed rules take the art out of the art of Bonsai.
Rudi Adam

Briewebus / Vra is Vry

Ons het 'n "Time table for repotting and potting of bonsai' uitgestuur na al die lede. Onder is 'n navraag wat verband hou daarmee. Kom ons hoor bietjie van lede (veral die wat bome uitgrawe) wat se raad julle vir Danie kan gee.

Org

Dink jy mens kan jou herpot tabel net so gebruik vir uitgrou van plante ook ?, ek kyk spesifiek na Olienhoute ?

Groete

Danie du Toit

Vergadering van 7 Julie 2018

Vergadering van 7 Julie 2018

'Tip of the month' - Deur Rohan Strydom

Rohan het so bietjie raad gegee oor bedrading. Bedrading aan takke het 'n spesifieke doel. Jy plaas die takke in posisies waar jy dit wil hê. Omdat bedrading somtyds vir 'n tydjie aan die boom is moet dit netjies gedoen word dat die boom se voorkoms steeds geniet kan word.

Draad moet goed geanker wees anders kan dit loskom en nie die doel van takke buig doen nie. As jy twee takke wil bedraad gebruik 'n lang draad, anker hom aan die stam van die boom en gebruik elke kant om een elk van die takke te bedraad. As jy 'n tak wil bedraad wat dunner word na die punt en die draad waarmee jy naaste aan die stam begin het is te dik vir die dunner deel, stop die dik draad met 'n stukkie wat opstaan. Anker dan die nuwe dunner draad aan die opstaan stukkie van die dik draad.

Die tema van die vergadering het gehandel oor die **Bespreking van 'n paar minder algemene inheemse Suider-Afrikaanse boomspesies en Struike vir Bonsai** en is aangebied deur **Louis vd Walt.**

Louis se aanbieding, ietwat gewysig, word op die volgende paar bladsye gewys.

Louis het 'n passie vir inheemse bome en het geen uitheemse bome in sy versameling nie. Louis dink dat hy tans so 41 inheemse spesies in sy versameling het waarmee het werk en eksperimenteer.
Louis het oor die negentig foto's in sy aanbieding gebruik. Om dit in hierdie uitgawe te kan plaas moes hulle drasties verklein word en sommige is ook uitgelaat en is die kwaliteit van die foto's daarom nie goed nie.

Vergadering van 7 Julie 2018

DIE BESPREKING VAN 'N PAAR MINDER ALGEMENE INHEEMSE SUIDER-AFRIKAANSE BOOMSPESIES EN STRUIKE VIR BONSAI

INLEIDING

◊ Die inligting is verkry uit die volgende bronne:
  Internet
  Teksboeke
  Persoonlike ondervinding

◊ Die inligting en veral beskrywing van die spesies is baie kortliks gegee en geensins volledig nie. Die volledige inligting kan verkry word uit die bronne soos genoem.

◊ Ek het met "copy and paste" die beskrywing van spesies direk uit die bron gedoen sonder om te vertaal. Derhalwe sal dit soms in Afrikaans en ander kere in Engels wees.

◊ Baie van die voorbeelde van bonsai bome by die bespreking van die spesies is nog onder konstruksie en geensins voltooide ontwerpe nie.

LYS VAN KANDIDATE

* Septee
* Snuifkalbassie
* Bergsering
* Ouhout
* Geel beeskloutjie
* Natal bauhinia
* Deurmekaarbos
* Nanabessie
* Bukshout
* Bloubos
* Jakkalsbos
* Blouhaak
* Kruisbessie
* Doppruim
* Blompeer
* Wilde jasmyn
* Kleinperdepram
* Koedoebessie
* Deurmekaarbos
* Kustaaibos
* Karroo kunibos

Vergadering van 7 Julie 2018

HOEKOM HIERDIE ONDERWERP?

- ◊ Daar is letterlik honderde bonsai spesies wêreldwyd wat uit ’n RSA oogpunt uitheems is. Ook hier by ons word nog baie van hulle gebruik in die bonsai kuns. Dit is amper soos ’n mode.
- ◊ Van ons mees gewilde spesies word oorsee gebruik. Dit is egter by verre nog nie daar ’n mode nie.
- ◊ Ons het egter baie meer spesies wat geskik is vir bonsai as oorsee. Die nuutste uitgawe van die boomlys bevat 1666 bome wat aan boomdefinisie voldoen. Die dendrologiese vereniging se saklys van Suider-afrikaanse bome (5de uitgawe 2014) dek ook Namibia, Botswana, Swaziland en Lesotho. Vanselfsprekend is almal nie geskik vir bonsai nie maar ek is seker baie wat wel geskik is is nog nie ‘ontdek’ nie.
- ◊ Verder is daar ook ’n aansienlike getal struike, rankplante en grondbedekkers wat moontlik gebruik kan word (bv Rosyntjiebos, Wilde Jasmyn ens).
- ◊ Die moontlikhede is dus legio en ons kan gerus meer eksperimenteer met inheemse spesies.

METODIEK VAN BESPREKING

- ◊ Gewone naam en botaniese naam
- ◊ Kort beskrywing en unieke kenmerke
- ◊ Foto van boom, stam, blare en vrugte wat uit bronne verkry is waar beskikbaar
- ◊ Foto van ’n bonsai indien beskikbaar
- ◊ Distribusie van die bome is afgelaai vanaf SANBI PLANTZ AFRICA webtuiste

Vergadering van 7 Julie 2018

SEPTEE

Botanical name: Cordia caffra

◊ This tree is usually small to medium but sometimes, in the wild given optimum conditions, can reach heights of up to 20m or more. Although it sheds its leaves in winter, the tree is still attractive, displaying its light brown trunk and branches majestically. The bark is smooth with patches flaking off, leaving behind interesting natural scars. The stem resembles that of the Lekkerbreek, Ochna pulchra, and also the smooth barked Guava tree.

Bessies en blare

Stam

SA Distribution: Eastern Cape, Kwazulu-Natal, Limpopo, Mpumalanga.

Een van Louis se Septee bonsai's

SNUIFKALBASSIE

Botaniese naam: Oncoba spinosa

Die Snuifkalbassie is 'n doringagtige struik of klein boompie met gekwilte blare en fyn getande blaarrande. Hulle kom voor vanaf die Lebomboberge tot in die laeveld en ook in die Zambezivallei asook in die omgewing van Maputo.

Foto's van die Snuifkalbassie op die volgende bladsy.

Vergadering van 7 Julie 2018

Snuifkalbassie: SA Distribution: Eastern Cape, Kwazulu-Natal, Limpopo, Mpumalanga.

Bo: Johan en Berrie Ras se boom

BERGSER I NG

Botaniese naam: Kirkia wilmsii

◊ Die Bergsering (Kirkia wilmsii) is ’n klein, bladwisselende boom wat voorkom op berghellings en klipperige plekke in droë bosveld in die noordooste van Suid-Afrika.

SA Distribution: Gauteng, Limpopo, Mpumalanga, North West.

Stam

Somer blare

Winter blare

Vergadering van 7 Julie 2018

OUHOUT

Botanical name: Leucocidea sericea

- This is a small tree of great character which grows in the eastern parts of South Africa. It is a very versatile addition to the indigenous garden.
- The Ouhout is often a straggly shrub or a dense, small, evergreen tree, which grows up to 7m tall and 5m wide.

GEELBEESKLOUTJIE

Botanical name: Bauhinia tomentosa

- Medium to large shrub to a small tree, up to 4m in height. Leaves are divided into two lobes, light green in colour, with a leathery texture, carried on branches that are often drooping. It produces large bell-shaped, bright yellow flowers with a black to deep maroon coloured centre in mid to late summer (from December to March).

SA Distribution: Eastern Cape, Gauteng, KwaZulu-Natal, Limpopo, Mpumalanga.

More photos of the Geelbeeskloutjie on the next page.

Vergadering van 7 Julie 2018

NATAL BAUHINIA

Botanical name: Bauhinia natalensis

◊ This lovely ornamental, rounded evergreen shrub is relatively fast growing and within a few years reaches its mature size of 2.5 x 3m. It has butterfly-shaped leaves and produces delicate, pretty white flowers that have maroon stripes in summer. Plant it in full sun or semi-shade and it will thrive. It is undemanding and will grow in poor soil.

SA Distribution: Eastern Cape, KwaZulu-Natal, Mpumalanga.

DEURMEKAARBOS

Botanical name: Ehretia rigida

◊ Ehretia rigida is a deciduous small tree or shrub, usually multi-stemmed, with an untidy rounded crown. It has tangled branches which arch downwards or droop. This rather haphazard look gives it its common names, Puzzle bush and Deurmekaarbos.

Photos on next page.

Vergadering van 7 Julie 2018

SA Distribution: Eastern Cape, Free State, Gauteng, KwaZulu-Natal, Limpopo, Mpumalanga, North West, Northern Cape, Western Cape.

NANABESSIE

Botanical name: Searsia dentata

◊ Searsia dentata is a deciduous shrub to small tree up to 6m high, with a smooth, greyish brown bark. The leaves, which are pink when young, turning dull yellow to orange-red in autumn, are trifoliate, with two side leaflets smaller than the terminal leaflet, dark green above and paler green below with long hairs; the leaflets are sessile on a slender petiole.

SA Distribution: Eastern Cape, Free State, Gauteng, KwaZulu-Natal, Limpopo, Mpumalanga, Western Cape.

Vergadering van 7 Julie 2018

BUKSHOUT

Botanical name: Buxus macowanii

◊ Buxus macowanii is a small, very low-growing tree up to about 7m tall. It has a clean slender greenish-brown stem of up to 300mm in diameter but normally less. Shiny green leaves create the crown. The twigs are angled, slightly hairy when young and smooth when old. The leaves are opposite and entire. They are arranged at right angles to each other and are up to 25mm long. They are oval to widely lance-shaped, with a bluntly pointed or round apex and are narrow at the base.

SA Distribution: Eastern Cape, KwaZulu-Natal, Limpopo, Mpumalanga, North West.

BLOUBOS

Botanical name: Diospyros lycioides

◊ The Bluebush is a slow to fast growing plant, depending on the climate. It is a deciduous to evergreen shrub to medium tree up to 5m tall with an open crown and drooping branches. It has blue-green leaves arranged spirally at the ends of the branches. The bark is dark grey to brown and smooth on older branches and stems, but covered with long hairs on young branches.

SA Distribution: Eastern Cape, Free State, Gauteng, KwaZulu-Natal, Limpopo, Mpumalanga, North West, Northern Cape.

Vergadering van 7 Julie 2018

JAKKALSBOS

Botanical name: Diospyros austra-africana

◊ Is a beautiful indigenous shrub or small tree that bears little cream, pink and even red lantern-like flowers. Not only attractive to man but also to birds and butterflies. It grows in different regions and conditions across the country.

SA Distribution: Eastern Cape, Free State, Gauteng, KwaZulu-Natal, Mpumalanga, North West, Northern Cape, Western Cape..

Vergadering van 7 Julie 2018

BLOUHAAK

Botaniese naam: Senegalia erubescens

- Klein boompie dikwels meerstammig
- Ligte skilferagtige bas
- Pragtige klein blaartjies
- Swart haakdorings
- Droogte bestand en gehard

SA Distribution: Limpopo and North West.

KRUISBESSIE

Botanical name: Grewia occidentalis

- It is a scrambling deciduous shrub or small tree reaching up to 3m in height. Purple star-shaped flowers (measuring 1.5cm to 3cm across) appear in summer (October—January), followed by distinctive four-lobed fruits (hence the common name cross-berry and four-corner). Fruits turn shiny reddish brown to light purple when ripe (January—May) and may remain on the tree for long periods.

Vergadering van 7 Julie 2018

SA Distribution: Eastern Cape, Free State, Gauteng, KwaZulu-Natal, Limpopo, Mpumalanga, North West, Northern Cape, Western Cape. Soil type: Sandy, Loam.

Left: Lennard's Bon-sai Beginnings.
Right: Australian web site.

DOPPRUIM

Botanical name: Pappea capensis

◊ The Jacket plum is a long-lived, hardy, evergreen, small to medium tree with a height of 2-8m. Under ideal conditions it can grow at a moderate rate but can be slow-growing under dry and/or cold conditions. The leaves are simple and oblong, hard-textured and wavy. The leaf margin may vary from sharply toothed (especially in young growth) to almost smooth in mature growth. The greenish flowers are borne on catkins in the axils of the leaves, followed by round green velvety fruits which split open to reveal bright red flesh with a dark brown to black seed imbedded within.

SA Distribution: Eastern Cape, Free State, Gauteng, KwaZulu-Natal, Limpopo, Mpumalanga, North West, Northern Cape, Western Cape.

Vergadering van 7 Julie 2018

BLOMPEER

Botanical name: Dombeya rotundifolia

◊ The Wild pear is a lovely garden specimen, and the spectacular show of scented flowers is a herald of spring. It has a single stem and a somewhat rounded crown. It is both frost and drought resistance. The flowers appear from July to September, the earlier flowering taking place in the warmer northern areas.

WILDE JASMYN

Botaniese naam: Jasminium multipartitum

◊ The is a large, scrambling, mostly evergreen plant that makes a fine show in the garden. If encouraged, it will climb up to 3m, although not vey strongly, and is best used as a shrub of up to 1.5m high. It is medium to fast growing.

Vergadering van 7 Julie 2018

KLEIN PERDEPRAM

Botaniese naam: Zanthoxylum capense

- ◊ It is usually a small multi-branched tree about 5m in height, but may reach 15m under favourable conditions. The bark on young branches is smooth with straight dark brown thorns, and light to dark brown on alder branches and on stems, with straight spines on scattered cone-shaped knobs.
- ◊ The Small Knob wood (Kleinperdepram) has glossy dark green leaves with clear gland dots in the scalloped margin. They are borne in clusters on short side branches, unevenly compound with 4-8 pairs of leaflets plus a terminal one. They have a strong citrus smell when crushed.

KOEDOEBESSIE

Botaniese naam: Pseudolachnostylis maprouneifolia

- ◊ It is an attractive, round, single-stemmed tree, up to 12m high. The bark is greyish to dark brown. It is fairly slow growing but juveniles grow much faster than established trees. It is deciduous and looses its leaves in winter after a magnificent display of red autumn foliage. This tree flowers from July to November and bears small greenish white flowers. Sexes are separate on different trees. Fruits are spherical, about 20mm in diameter.

Vergadering van 7 Julie 2018

KUSTAAIBOS

Botaniese naam: Searsia (Rhus) nebulosa

◊ Semi-evergreen climbing to straggling shrub to a small tree of up to 4m, but often just a scrambling shrub of about 1m. Stem smooth (spiny). Occurs along the coast, often in sandy dune scrub. The stems are occasionally spiny. The leaves are trifoliate, broadly elliptic or obovate, shinier above than below. Flowers; masses in much-branched exposed sprays to 200mm (Feb-Apr). The fruit is round, 4.5mm diameter, smooth, shiny, yellow to reddish, prolific, globose drupe. There is a hairy leaf form in the southern part of the distribution area in the Eastern Cape: the general tendency is for the leaves to be glabrous. Suitable for coast gardens. Makes an excellent hedge.

KOKOBOOM

Botaniese naam: Maytenus undata

◊ Die Kokoboom is ’n plant wat as ’n struik of ’n boom kan groei.
◊ In die oop veld groei die plant as ’n struik en in woude word dit ’n boom van tot 10m hoog. Die blare se kleur wissel van liggroen tot donkergroen en het soms ’n wit poeieragtige waslaag op een of aan beide kante. Die blaarrande is duidelik getand en elke tand het ’n klein harde donkerbruin kliertjie aan die punt.

Vergadering van 7 Julie 2018

KARROO KUNIBOS

Botaniese naam: Searsia burchellii

◊ It is a much-branched, evergreen shrub or small tree that grows up to 5m high. Bark is granular, grey brownish. Leaves are small, trifoliate, glossy, waxy, olive green and crowded at the ends of short spur-like branchlets. Branchlets are sometimes spine-tipped. Small cream-coloured flowers are borne in loose clusters among the leaves in autumn (April—May). Male and female flowers are borne on different plants and only female plants bear fruits. Fruits are ellipsoid, thinly fleshy, green to reddish brown, drupes, somewhat compressed and flattened, 3.7 x 2.2 to 6.3 x 3.7mm, borne in autumn and winter (May—July).

GEWONE VLIER

Botaniese naam: Nuxia congesta

◊ It is a winter-flowering evergreen tree or shrub, with beautiful large heads of small, scented, long-lasting white or cream flowers. It is an excellent focal plant for a small garden and is easy to keep in shape.

◊ Nuxia congesta is a quick-growing, evergreen tree or shrub, 2-20m high. It has a pale grey-brown to dark brown shedding bark and hairy branchlets. The leaves are hairy, dark green, slightly leathery and variable in shape and size. They are found clustered at the ends of branchlets. Coppice leaves are soft, succulent and dark green with a serrated margin.

Vergadering van 7 Julie 2018

OPSOMMING EN GEVOLGTREKKING

◊ Wat ek met hierdie praatjie probeer doen is om bonsai entoesiaste bewus te maak en te prikkel om inheemse spesies te ondersoek en te probeer. Daar is letterlik honderde spesies wat nog nie ontgin is nie.

◊ In Gauteng is daar ’n hele paar kwekerye wat spesialiseer in inheemse plante. Baie van die bome wat hier bespreek is, is verkry vanaf hierdie kwekerye. Almal se inligting is op Google beskikbaar. Dit verg egter ’n bietjie meer moeite as die alledaagse ‘gewone’ plante.

◊ As jy op die internet na ’n spesifieke boom soek is daar dikwels advertensies van kwekerye wat dit kweek.

NOG MOONTLIKHEDE OM TE ONDERSOEK

◊ Fluweelrosyntjie: Grewia flava
◊ Wilde granaat: Burchellia bubaline
◊ Horingpeultjie: Diplorhynchus condylocarpon
◊ Ens, ens, ens, ens……

BILLION TREE TSUNAMI

The earth is slowly (maybe not so slowly!) turning into a dessert. This is due to climate change but mostly due to deforestation. But, there is always hope!!

In Pakistan there is a provincial government programme in the provinces of Heroshah and Khyber Pakhtunkhwa called the **"Billion Tree Tsunami"**, that is aiming to plant 300 million trees of 42 different species. A further 150 million plants were given to landowners, while strict forest regeneration measures have allowed the regrowth of 730 million trees – roughly 1.2 billion new trees in total, the programme's management says.

In 2015 and 2016 some 16 000 labourers planted more than 900 000 fast-growing eucalyptus trees at regular, geometric intervals in Heroshah. The change is drastic: Previously arid hills are now covered with forest as far as the horizon. In north-western Pakistan, hundreds of millions of trees have been planted to fight deforestation.

"Before it was completely burnt land. Now the villages have green gold in their hands," commented forest manager Pervaiz Manan as he displayed pictures of the site previously, when only sparse blades of tall grass interrupted the monotonous landscape.

The new trees will reinvigorate the area's scenic beauty, act as a control against erosion, help mitigate climate change, decrease the chances of floods and increase the chances of precipitation, says Manan, who oversaw the revegetation of Heroshah.
Residents also see them as an economic boost – which, officials hope, will deter them from cutting the new growth down to use as firewood in a region where electricity can be sparse.

"Now our hills are useful, our fields became useful," says driver Ajbir Shah. "It is a huge benefit for us."

Further north, in Khyber Pakhtunkhwa's Swat, many of the high valleys were denuded by the Pakistani Taliban during their reign from 2006 to 2009.
Now they are covered in pine saplings. "You can't walk without stepping on a seedling," smiles Yusufa Khan, another forest department worker.

The programme has been praised by the head of the Swiss-based International Union for Conservation of Nature (IUCN), a green NGO, which called it a "true conservation success story".
Initially mocked for what critics said were unrealistic objectives, it is a welcome change to the situation elsewhere in the country.
Pakistani authorities say just 5.2% of the country is covered by forest, against the 12% recommended by the United Nations.

The Billion Tree Tsunami, which cost the Khyber Pakhtunkhwa government $169m, started in November 2014. Officials say they are still implementing maintenance safeguards such as fire protection, with the project due to be completed in June 2020.
In early 2017, the federal government announced its own Green Pakistan Project, which aims to plant 100 million trees in five years across the country. It ranges from "legislative reforms" to "wildlife protection", according to its leader Ibrahim Khan, who works under the authority of the ministry for climate change. More than a quarter of the work was done by the end of April this year, he says.

Imran Khan, former cricketer, has vowed to make the environment an election issue, and to plant a total of 10 billion trees across the country. "Every child in Pakistan should be aware of the environmental issue which, until now, has been a non-issue," he told AFP.

This gives hope!!!! ♣

Vergadering van 4 Augustus 2018

Vergadering van 4 Augustus 2018 (Mini uitstalling)

Links: Colin het hierdie mooi "Tee bush" gewys. Hy vertel dat die boom omtrent heel jaar blom. Die boom is so 8 tot 10 jaar oud en is van saad gekweek. "Tee bush" kan hitte en koue vat. Moenie te veel wortels sny as jy oorplant nie.

Onder: Ds Danie sê dat hy die groot boom in hierdie Olien groep so 30 jaar gelede gekoop het toe hy begin het met bonsai. Hy het die boom later in die groep geplant. Danie sê dat toe hy onlangs Pretoria toe getrek het het dit gelyk of die groep gevrek het. Hy was op die punt om hom weg te gooi toe hy tekens sien dat die bome uitloop. Soos gesien kan word het die groep mooi herstel.

Regs: Hierdie Witstinkhout woud het Org gemaak van klein boompies wat in sy tuin opgekom het. Org weet nie hoe oud die woud is nie.

Onder: Hierdie Vy van Org is twee boompies wat vasgegroei het aan mekaar. Org het altwee van steggies begin en saam op die rots geplant. Org weet nie hoe oud die skepping is nie.

Vergadering van 4 Augustus 2018 (Mini uitstalling)

Links: Hierdie Witstinkhout woud het Org gemaak van boompies wat in sy tuin opgekom het. Die groepie is so 6 jaar oud.

Regs: Die Olien groupie behoort aan Willie Botha. Willie het ongelukkig geloop voordat hy ons iets van die groepie kon vertel.

Onder: Martin het hierdie Deurmekaarbos uitgegrawe met net een wortel aan en een dun takkie. Hy sê jy moet nooit iets weggooi nie. Kyk hoe mooi het die boompie geword.

Links: Nog ’n pragtige “Tee bush” van Colin wat so 12 tot 15 jaar oud is. Hierdie bome hou van vol son en baie water. Colin verwyder die saad nadat die bome geblom het sodat die saad nie te veel energie van die boom vat nie. Die boom moet oorgeplant word hierdie jaar.

Vergadering van 4 Augustus 2018 (Mini uitstalling)

Links: Martin vertel dat hy in Swede sulke yl groepe in die natuur gesien het. Hy het met die Witstinkhout groep sy herinneringe probeer verewig. Die groupie is so 4 jaar oud.

Onder: Kaalvoet Francois het hierdie 'Crabapple' in 2016 by 'n BRAT vergadering se 'raffle' gewen. Die presiese spesie van die "Crabapple" is nie bekend nie

Bo: Hierdie Witstinkhout woud van Org is so 20 jaar oud. Org sê dat hy hom moet oorplant en bietjie skoonmaak.

Onder: Hierdie Witstinkhout "raft" groep se oorsprong was die wortel basis van 'n groot boom. Rohan sê die groupie is nou so jaar uit die 'grond' en in 'n pot

Vergadering van 4 Augustus 2018

'Tip of the month' - Deur Louis van Wyk

Louis het sommer so drie 'tips' gegee.

Eerste is dat hy PVC waterpyp gebruik om sy bonsai rakke mee te bou. Die pyp is lig, maklik om te gebruik, sal lank hou maar tog sterk genoeg om die gewig te hanteer.

Tweede is dat hy 'bakke' wat water hou, gevul met klip, gebruik om sy bome op te sit. Louis sê dat soos hy sy bome benat bly die water in die bakke tussen die klip/gruis en gee 'n vogtige omgewing vir die bome.

Derde is dat hy plastiek melkbottels gebruik as houers om steggies of jong boompies in te plant. Die melkbottels is vierkantig en kan lekker netjies teen mekaar gepak word sonder om spasie te mors.

Die tema van die vergadering was "Groepaanplantings" en is deur Elsie Ceronio aangebied.

Elsie het 'n "Powerpoint presentation" gebruik met baie foto's. Agv van spasie moes die foto's baie verklein word en is die kwaliteit daarvan in hierdie uitgawe nie goed nie.

Dele van die "presentation" is ook verklein of uitgelaat.

Onthou dat baie meer inligting gedurende die praatjie gedeel word as wat hier genoem word.

Vergadering van 4 Augustus 2018

Groepaanplantings is meer as een boom in ’n pot, elkeen met sy eie wortelstelsel.

GROEPAANPLANTINGS

- **Soju** Twee stam bome
- **Sankan** Drie stam bome
- **Yose-uye** 5-9 bome klein groepe
  9 bome en meer—woude

Voordat ek by die filosofie en kuns van groepaanplantings kom wil ek eers na ’n paar basiese riglyne kyk.

Basiese riglyne

- Onewe getal bome vir klein groepe tot nege bome
- Priemgetalle 2,3,5 familie groepe
  5, 7 klein groepe
- Ewe getal bome vir woude na nege bome tel jy nie meer nie

Vergadering van 4 Augustus 2018

Potte geskik vir groepaanplantings:
Vlak potte gee ’n gevoel van ruimte
Ovaal potte met ’n sagte rand

’n Natuurlike plat klip of self vervaardigde vlak houer met geen rand gee ’n groter gevoel van ruimte.

Diep potte word liefs nie gebruik vir groepaanplantings.

Geskikte boom material:
Gebruik liefs dieselfde boom material
Geharde spesies wat drasties gesnoei kan word
Spesies waarvan blare maklik verklein
Kleinblaar en naald spesies
Inheemse boom spesies met somer, herfs en winter voorkoms is ideaal om te gebruik
Elms, Maples, Zelkovas, Celtis, Oliene, Huilboerboon, Privets, Doringbome (Senegalia Vachellia) was voorheen Acacia

Gebruik gesonde bome

Indien verskillende boom materiaal gebruik word moet hulle dieselfde groei vereistes hê.

Grondvlak liefs nie hoër as die diepte van die pot nie

Moet nie te veel gelandskap word nie

Vergadering van 4 Augustus 2018

DEEGLIKE BEPLANNING UITERS NOODSAAKLIK

Ideaal om eers jou prentjie van die woud - natuurtoneel wat jy wil skep - te visualiseer
Maak 'n skets, al is dit 'n eenvoudige skets, van die plasing van bome

Versamel of kweek jou bome

Langes - kortes
Dik stamme - dun stamme
Stamme met en sonder beweging
Bome met sy takke of sonder sy takke
Bome wat regop groei - skuins groei
Liefs 30% meer materiaal as wat jy dink jy nodig het

Kunsbeginsels en bonsai style bly van toepassing in groepaanplantings

Kunsbeginsels

Impak	Lyn beweging
Fokuspunt	Ritme
Verhouding (proportion)	Balans
Diepte (Depth of field)	Silhoeët
Harmonie	Kontras

BONSAI STYLE

Formeel regop	Chokkan
Informeel regop	Moyo-gi
Skuins of slanting	Shakan
Semi cascade	Han-kengai
Volledige cascade	Kengai
Afrika style	

Vergadering van 4 Augustus 2018



Groepaanplantings, soos alle bonsai is dit ’n kunsvorm wat nooit klaar is nie.

Dit is ’n lewende kunsvorm, enigste kunsvorm wat aan die kenmerk gebonde is

Oom Theuns se bekende groep

Vergadering van 4 Augustus 2018

Saikei - Koos le Roux

Saikei aanplantings is nie groep aanplantings nie

Gelyke fokus word op bome, rotse, grassies en klein items (figurines) geplaas
Net een boom kan gebruik word - nooit in ’n groepaanplanting
Toshio Kawamoto het die styl in 1941 bekend gestel - baie gewild in westerse wêreld.

Algemene kennis dat bonsai reeds in 9de eeu sy oorsprong in China gehad het.
Oorgedra na Japan
Japanese het tegniek en kuns vervolmaak met 5 hoofstyle en 45 klassieke style, en daarby ’n lang lys van moets en moenies

Die bron van bonsai is die natuur self

Dit wat bonsai en groepaanplantings ’n sukses maak verwys na my en jou ervaring van die natuur

Vergadering van 4 Augustus 2018

“A forest style bonsai should have the quality of the invisible beauty of nature”
John Naka

Twee bome

Fokus op:
Illusie van eenheid
Balans
Harmonie

Twee perfekte bome elkeen met sy eie wortelstelsel
Verhouding tussen twee mense word altyd uitgebeeld, man en vrou, twee vriende, grootouer en kleinkind

Verskil van Sokan styl een boom met een wortelstelsel en twee stamme



Vergadering van 4 Augustus 2018

Drie bome

Drie perfekte bome elkeen met sy eie wortelstelsel

Hoofboom altyd as fokus gebruik

Drie bome vorm ’n eenheid, familie verhouding

Vier bome ???

Vier bome met eie wortelstelsel

Uitgestal as “Clump style”

Vergadering van 4 Augustus 2018

Filosofie riglyne vir groepaanplantings

Groepe moet gesien word as ’n geheel
Die silhoeët is een van die belangrikste eienskappe van groepe

Die hoër lyn word verkry deur die vloei en beweging van jou boom toppe
Die laer lyn deur die beweging van jou stamme

Meer silhoeët lyne gee ’n interessanter effek vir die groep

Vergadering van 4 Augustus 2018

Reguit silhoeët lyne gee ’n plat voorkoms
Geen lyn moet reguit wees nie

Plasing van bome

- Fokus punt
- Tak verspreiding
- Negatiewe spasie
- Beweging, rigting en ritme
- Perspektief
- Naby sien
- Ver af sien

Fokuspunt

Dit is daardie deel van die groepaanplanting wat dadelik die aandag trek

Die punt waarvan die oog as gevolg van die ritmiese samestelling deur die geheel beweeg en weer terug beweeg na die fokus punt

Vergadering van 4 Augustus 2018

Hierdie beweging van die geheel en terug is die kriterium van die sukses van die komposisie

Fokuspunt voorbeeld groepe

Die grootste boom is die fokuspunt

Fokuspunt kan geskep word deur bome naby aan die hoof boom te plant veral as ’n dik stam nie beskikbaar is nie

Die groep het drie groeperings van drie met verskeie fokuspunte



Die fokuspunt is aan die sykant met die kleinste negatiewe spasie



Vergadering van 4 Augustus 2018

Die fokuspunt is die enkelstaande boom, kleiner bome vorm die agtergrond

Stamme is ’n baie belangrike kenmerk van groepe en word meestal as fokuspunt gebruik



Tak verspreiding

Takke moet lyk asof hulle almal van een boom is. Takke moet na buite groei, na voor, na agter, na die kant en korter gemaak word indien spasie toelaat



Negatiewe spasie

Negatiewe spasie is die leë en oop spasie rondom ’n voorwerp wat dit definieer

“Negative space is the breathing room around the subject that determines how appealing it looks” Laymans

Voordele van negatiewe spasie

’n Gesonde balans tussen negatiewe spasie en fokuspunte skep balans en diepte

Eenvoud in ontwerpe het meer negatiewe spasie

Gee ’n gevoel van insluiting omdat daar ’n versteekte boodskap of prentjie is

Vergadering van 4 Augustus 2018

Negatiewe spasie is ’n belangrike element om te gebruik om afstand en diepte te skep

Die grootste spasie by die kleinste boom skep meer harmonie en beweging



Met die korrekte gebruik van negatiewe spasie kan atmosfeer optimaal geskep word met diepte, ritme en harmonie

Geen negatiewe spasie

’n Groep waarvan die hele pot vol geplant is met geen negatiewe spasie aan sykante kan balans en harmonie verlore raak
Vermy die fokuspunt in die middel van die groep
Halvering skep onnatuurlike aansig van natuurtonele

Vergadering van 4 Augustus 2018

Beweging rigting en ritme

Beweging word basies waargeneem deur rigting en vloei

Die konsep van rigting en ritme is die gemaklike beweging van die kyker se oë wat volg op die plasing van die elemente van die kunswerk

Die kunstenaar moet sorg dra dat die kyker die boodskap van die kunswerk as geheel kan ervaar en sodoende die emosie kan oordra aan die kyker

Bome moet gekies en geplaas word op so ’n wyse dat beweging en rigting in harmonie is



Met fokuspunt aan die linkerkant sal beweging en rigting van links of van regs wees of andersom

Die dominante of grootste visuele impak is aan die linkerkant met beweging na die kleiner groep en die negatiewe spasie aan die regterkant



Vergadering van 4 Augustus 2018

Beweging en rigting in groepaanplantings is nooit ’n reguit lyn nie

Perspektief

Dit is die verhouding tussen dinge naby en vêr
Dit is die afstand wat vorms in die verte versag en diepte skep

Groep digby (naby) aansig

Die lang boom word dieper in die bak geplaas
en kleiner bome voor soos in die skets

Dit skep die illusie van naby wees

Vergadering van 4 Augustus 2018

Die klem op ’n ver-af aansig word nie op die individuele bome gefokus maar eerder op die silhouette

Die illusie van ver-af word ook geskep deur groot bome voor, kleiner bome agter

Perception is to apprehend with the mind and is an element of perspective. In that, perception is how you as individual see a particular scene in nature.

Die grootste uitdaging van groepaanplantings is om met die plasing van jou bome die atmosfeer van ’n woud te skep

Vergadering van 4 Augustus 2018

Die belangrikste kuns en filosofie riglyn is om ’n illusie van spasie en diepte te skep

Laaste wenk of twee

Terwyl jy besig is om te besluit waar om jou bome te plaas, hou die wortels van die ander bome klam sodat dit nie uitdroog nie
Anker jou bome om hulle in die posisie te hou totdat die wortels voldoende ontwikkel het.

BIBLIOGRAFIE:

Deborah R Koreshoff - Bonsai Its art, Science, History and Philosophy
Charles S Ceronio - Bonsai Styles of the World
Bloemfontein Kainuus - Herfs 1993 Bonsai as Kunsvorm - Dot Henegan
Laymans - The Spirit of Design

Na Elsie se aanbieding het Johan en Sameul ’n groepaanplanting geskep…..

Snippets

Our Environment

Take-away coffee is becoming more and more popular. The problem is that the coffee must be in some 'container', which is often a plastic cup. This causes tremendous pollution problems. Australians alone consume 50 000 coffee cups every 30 minutes, meaning about 2.7 million coffee cups are thrown out to landfill sites every day.

Switch to re-usable or recyclable cups

Make sure you support businesses that provide paper or re-cyclable cups and do recycling yourself. Help support a sustainable future.

Inspirasie uit die natuur

Ons word aangeraai dat in bonsai 'n tak nie vertikaal af moet groei en dan weer op nie. Onder is 'n boom wat op 'n wildsplaas in Limpopo afgeneem is wat wel in die natuur so groei. Wonder hoekom dit gebeur het? Mag ons dit in bonsai na-boots as dit in die natuur voorkom?

Bonsai Kalender – Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in September?

Met die aanbreek van September kom die Lente en warmer weerstoestande. Die meeste bladwisselende bome moes nou reeds uitgeplant of herpot en die wortels teruggesnoei gewees het. Vir sommiges, byvoorbeeld Witstinkhout en die Akasias, moet ‘n mens verkieslik wag totdat hulle bot, maar herpot voordat die botsels oopgaan. Die meeste immergroen bome kan nog tot in vroeg September herpot word. Wildevye se wortels moet verkieslik nie gesnoei word voordat temperature verhoog nie. Blomplante soos Azaleas moet nie herpot of gesnoei word voordat die blomme afgeval het nie. Jenewers kan ook nou herpot word alhoewel hulle ‘n langer herpotperiode het, tot diep in die Lente. Moet nooit boompies wat pas wortelsnoei en herpotting ondergaan het, te gou begin bemes nie. Dit kan die pas gesnoeide wortels beskadig. Beskerm boompies wat herpot is teen die laaste koue wat mag voorkom.

Hou bome wat bedraad is fyn dop, veral takke wat uitermatige groei toon. Verwyder alle bedrading indien nodig en wees baie versigtig om nie die delikate nuwe groei te beskadig nie.

Soos temperature verhoog, neem groei toe en is dit nodig om watertoediening en voeding te verskerp.

Wat doen ons in Oktober?

Teen Oktober bevind ons ons in die tweede maand van die Lente en die warmer weer laat die boompies verseker vinniger groei. Onthou dat die beste manier om digte vertakking te verbeter, opgesluit lê in voortgesette snoei. Groeipunte kan voortdurend uitgeknyp word, behalwe waar ‘n tak verleng moet word. Wanneer uitloopsels begin verleng, kan hulle teruggesnoei word tot een paar blare. Dit sal kompakte groei bevorder. By naaldhoutboompies kan kerse tot tweederdes teruggeknyp word.

Bonsai-groete

Francois van As

Bonsai Kalender – Deur Dr Francois van As

Met al die nuwe groei en 'n toename in watertoediening moet voeding nie agterweë bly nie. As jy vinniger groei in jong plante wil aanmoedig, gebruik 'n produk met 'n hoë stikstofinhoud, maar by die handhawing van meer gevestigde bome, waar ons nie wil hê die blare moet vergroot nie, kan 'n produk gebruik word wat weer hoër kalium en fosforinhoude bevat met 'n laer stikstofinhoud.

Behandeling teen peste kan ook 'n aanvang neem aangesien skadelike insekte en swamsiektes hulle verskyning kan maak.

Bonsai-groete ***Francois van As***

Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?

Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakte) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel, is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde minimum temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
September	26	12	10	3	6-30mm
Oktober	27	14	9	9	61-100mm

Bron: http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm

REKLAME

ROBINSON & KRUGER
PROKUREURS / ATTORNEYS
SINCE 1995
BOEDELBEREDDERAARS / ADMINISTRATORS OF ESTATES
TRANSPORTBESORGERS / CONVEYANCERS / NOTARISSE / NOTARIES

- IS JY IN DIE PROSES OM 'N HUIS TE KOOP OF TE VERKOOP?
- TROU JY OF WEET JY VAN IEMAND WAT GAAN TROU EN 'N HUWELIKSKONTRAK BENODIG?
- IS IEMAND NABY JOU OORLEDE?

INDIEN JY "JA" ANTWOORD OP ENIGE VAN DIE BOGENOEMDE, KONTAK ONS VIR PERSOONLIKE BYSTAND.

- ONS DOEN OOK BOEDELBEPLANNING, EGSKEIDINGS, DERDE PARTY EISE (RAF EISE) EN PERSOONLIKE BESERING EISE

KONTAK MARTIN KRUGER
012 332 1770
CODONIA LAAN 829, WAVERLEY
law@robinsonkruger.co.za

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Mid-somer Mid-summer	Laat somer Late sum-mer	Vroeg herfs Early autumn	Mid-herfs Mid-autumn	Laat herfs Late autumn
Maand: **Month:**		**Jan**	**Feb**	**Mrt** **Mar**	**Apr**	**Mei** **May**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Kort dormante periode, kon-solideer nuwe groei Short period of dormancy, consoli-date new growth		Bery voor vir dormante periode Prepare for winter dormancy		
Aksie / Action	Bonsai van saad Bonsai from seed			Vir beste resultate gebruik vars saad For best results, use fresh seed		
	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings					
	Verplant Potting					
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen bome Evergreen trees		
	Vormsnoei Formative pruning					
	Knyp groeipunte Pinch growth points					
	Bemesting Fertilizer					
	Insekdoders Insecticide					
	Somerbeskerming Summer protection					

Sorgskedule **Seisoen:** **Season:**		Vroeg winter Early winter	Mid-winter	Laat winter Late winter	Vroeg lente Early spring	Mid-lente Mid-spring	Laat lente Late spring	Vroeg somer Early summer
Maand: **Month:**		**Jun**	**Jul**	**Aug**	**Sep**	**Okt**	**Nov**	**Des** **Dec**
Die boom se jaarsiklus **The tree's yearly cycle**		Dormant gedurende die winter Winter dormancy			Herontwaking, nuwe groei Reawakening, new growth			Nuwe groei New growth
Aksie / Action	Bonsai van steggies Bonsai from cuttings							
	Verplant Potting							
	Herpot met wortelsnoei Repot with root pruning			Immergroen en bladwisselende bome Evergreen and deciduous trees				
	Vormsnoei Formative pruning							
	Knyp groeipunte Pinch growth points							
	Bemesting Fertilizer							
	Insekdoders Insecticide							
	Somerbeskerming Summer protection							
	Winterbeskerming Winter protection							

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.